

Die uitverkorenes gaan aan boord

Die Here gee aan Noag en sy hele gesin die opdrag om in die ark in te gaan. Hoekom Noag? God het hom gesien en hom regverdig bevind! God se reddingsplan vir die diereryk word beskryf om al die soorte op die hele aarde aan die lewe te laat bly. Sewe dae grasia word gegee. Ons sien ook die verskriklike van God se oordeel. Dit reën 40 dae en nagte lank – 'n stortreën. Die oorstroming het oor die aarde gekom en die water het al hoe meer geword, sodat selfs al die hoë berge bedek is. Die water het amper sewe meter bokant die berge gestyg. Alles wat op aarde geleef het, het verdrink. Alles wat op die land geleef het is dood. God het alles wat Hy gemaak het, weggevee van die aarde af (vs 4). Alles is uitgewis.

Nou kom die redding. 'n Nuwe begin breek aan. Soos wat die water meer word is die ark opgelig en het dit begin opstyg bokant die aarde. Die ark begin dryf, sodat daar redding en lewe vir almal en alles aan boord is (Gen 7:23): "... Noag en dié by hom in die ark is gespaar." Dit het gebeur omdat Noag in die geloof gedoen het soos die Here hom beveel het.

God haat die sonde! Sonde is ongehoorsaamheid aan God se wil. Daarom het ongehoorsaamheid altyd bittere gevolge. Jy kan nie goedkoop sondig nie. Maar God is ook genadig, barmhartig en vol liefde vir sondaarmense. Noag het in die geloof gehoorsaam en opgetree. Die redding van die ark wys vooruit na nog 'n groter wonder, naamlik die redding in Christus – vir jou wat glo! In Johannes 3:16 het ons die versekering: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Sing: Psalm 85: 1, 3

Ds. W Vogel (Cachet)